

Vrydag **11 Oktober**

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:22 – 2:10

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:4-5 (AFR53)

Kom na die kosbare, lewende Hoeksteen van die kerk

Die kerk van die Here is spesiaal en besonders! 1 Petrus 2:9 is amper 'n woordelike herhaling van Eksodus 19:5-6 (gister se dagstukkies). En net soos gister, lees ons ook hier in 1 Petrus 1 en 2 dat die kerk se besonderheid veral gaan oor die Woord. Petrus skryf (1:23) dat hulle wedergebore is deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. Dit is die Woord waarna hulle moet verlang (2:2) soos wat pasgebore kindertjies verlang na hulle moeder se melk. In die Woord kom daar groei. Soek die lewende Woord van die Here op!

Hoekom so die klem op die Woord? 2:3 – want die Woord gaan oor die Here van die Woord en dat Hy goed is, dat sy getroue verbondsliefde bestaan tot in ewigheid. Hy maak ons as sy kerk besonders en uniek. Die beeld wat in vers 5 gebruik word, vergelyk ons, as die kerk, met 'n gebou. Die uniekheid van hierdie gebou is die kosbare en die lewende Steen waarop die gebou gebou word. Alles gaan oor hierdie kosbare en lewende Steen. Hierdie Steen is ons Here Jesus Christus. Hy is die bepalende faktor: as jy in Hom glo en na Hom toe kom – jou hele lewe na Hom draai (2:4), as Hy vir jou kosbaar is (2:7) – dan word jy soos 'n lewende steen opgebou. As jy Hom verwerp, dan gaan jy val en struikel (2:7).

Daar is 'n nuwe lewe in hierdie kosbare en lewende Hoeksteen. Kom na Hom toe! In Hom en in sy Woord is ons die eiendom van God, is ons 'n koninklike priesterdom tot aanskoue van die wêreld (2:9: “om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig”), is ons 'n heilige volk. In Hom word ons meer en meer 'n geestelike huis (2:5), 'n huis van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 34-1:1, 5

Ds. R (Reinhart) Boersema (Vryburg)